LSMS

Oosstraat 93, Posbus 99,
Vryheid, KZN, 3100
Tel: (034) 981-5006 / 981-5054
Faks: (034) 983-2127
E-pos: skool@lucasmeyer.co.za
Webblad: www.lucasmeyer.co.za

Vol 1 / 2011

LEIERS 2011

Euné Bosch

Hans Opperman

Imke van Rooyen

Ewart Potgieter

Welkom aan al die graadeen- leerlinge

Vanuit die hoof se kantoor.....

Met die Wêreld Sokkerbeker nog vars in ons geheue en party wat nog steeds soek na 6 weke wat gedurende 2010 gegryp is, het vele gedink dat 2011 rustiger sal wees.

Het u dit so ervaar? Ek glo sekerlik nie! Hoe dit ookal sy, die eerste skoolkwartaal van 2011 is byna geskiedenis.

Ons is steeds bly oor die 88 graad eens wat vanjaar ingeskryf is, asook verskeie nuwe leerlinge in die ander grade wat by ons aangesluit het. Te midde van 'n groot groep graad 7's wat Hoërskool toe is kon ons die jaar begin met 'n paar meer leerlinge as verlede jaar.

Die beheerliggaam het homself verbind tot kleiner klasgroepe in elke graad en daarom moes nuwe personeel aangestel word. Die volgende nuwe personeel het by ons aangesluit en het mooi ingeskakel by ons skool en gemeenskap: Mev Cindy de Villiers, mnr Pieter Venter, mej Janine Ackerman en mev Marietjie Eybers.

Ons proefneming om met ons atletiek by Mpumalanga in te skakel was nie sonder groeipyne nie, maar het tog by die meeste atlete en ouers byval gevind. Ten spyte van die hoër standard is ons baie trots op Imke van Rooyen en Jacques Odendaal wat gaan deelneem aan die SA Interprovinsiale kampioenskappe te Germiston.

Ons swemmers het ook nie teleurgestel nie en hulle harde werk is beloon. Dit is wel 'n teleurstelling dat ons swemmers die geleentheid ontneem is om te kwalifiseer vir KZN.

Ons ope wintersportspanne is reeds geruime tyd besig met voorbereiding vir die seisoen en hul uitslae op die jaarlikse Heuwelland toernooi hou groot belofte vir die seisoen in.

Met ons eerste deelname aan die Nasionale evaluering van Laerskole was die wyse van vraagstelling vir baie van ons leerlinge vreemd. Die vraestelle vir die junior leerlinge was beslis nie op standard nie en gemiddeldes van 90 persent plus is behaal. In die senior fase was die gemiddeldes meer realisties alhoewel die klem in vraestelle na die mening van personeel nie funksioneel was met betrekking tot die belangrike leerinhoude nie.

Ons vertrou dat die Onderwysdepartement se "Disaster Management" in die verband tot gevolg sal hê dat miljoene rand wat met betrekking tot die projek gespandeer is, volgende jaar met groter effektiwiteit aangewend sal word.

My wens is dat die personeel en leerlinge en ouers wat bevoorreg is om vakansie te hê, die paasvakansie sal geniet en verfris sal terugkom vir nog 'n besige kwartaal.

SPELETJIESAAND

Baie dankie aan elkeen wat die skool ondersteun het.

Juf Eybers

Waar tyd stilstaan, kinders, kinders kan wees en skoolgaan nog pret is, dis waar LMS is!

Ek lief my gr 4S klas!

Juf Ackerman

Rekenaarkamer is die **koelste** plek of is dit die **coolste** onnie?

Juf de Villiers

Wat 'n voorreg om deel te wees van so 'n span...

Mnr Venter

Wie sal nou iewers anders wil wees as mens in so 'n lekker skool soos LMS kan wees. "YES, YES LMS!"

Besoek die webblad

WEBBLAD 2011

www.lucasmeyer.co.za

- **Nuusbriewe** van die skool
- **Foto's** van ons aktiwiteite
- **Kwartaalprogram**
- **Dokumentasie:** Skooldrag, skoolreëls, aansoekvorms, kloktye, koshuis ens.

Sportkussing

Sportsak

Tennis

Die Vryheid Streek Proewe het op 31 Januarie plaasgevind en Jacques Odendaal, Imke van Rooyen, Rochelle Odendaal is gekies vir die Streekspan en Roland Breedt is aangewys as reserwe.

Imke is by verdere proewe ingesluit in die Noord KZN A span.

Roland Breedt, Jacques Odendaal, Imke van Rooyen, Rochelle Odendaal en Anro Theunissen

Mediasentrum

Dit is werklik aangenaam om die mediasentrum oop te sluit en te kan terugkyk op 'n jaar van harde werk. Die leerders kom neem graag boeke uit en ons ouers moet weet dat daar baie leerders is wat nog graag lees.

Daar lê egter nog harde werk voor, want ons prente-afdeling en vakliteratuur moet nog opgegradeer word en op die mediaprogram gelaai word.

Ons wil graag 'n **leeshoekie** inrig waar leerders tydens pouses kan sit en lees. Ons benodig leunstoele.

As u kan help met stoele skakel asb mev. Tienie Meyer by die skool.

LMS se SA Atlete:

Imke van Rooyen
3de in die 800m en 1500m

Jacques Odendaal:
70mH 5de plek en 2de plek in die aflos

Baie geluk aan die o/13 seuns wat deelgeneem het aan die **@Lantic 7's toernooi** op Saterdag 12 Februarie te Pionier. Hul tree as **WENNERS** uit die stryd .

Atlete aan die brand!!

Bernice Snyman, Jacques Odendaal, Linmari van Jaarsveldt,Jessica Taylor, Ewart Potgieter, Imke van Rooyen, Jean Aucamp en Hans Opperman

Swemmers maak golfies !!









Heinz Kleyn, Kaitlyn Keitley, Arnau Bosch, Janine van Wyk, Jacques van Nieuwenhuizen, Joshua Braithwaite, Eune Bosch, Dylan Wessels, Kristen Small, Jacques Odendaal, Berne van Heerden